



# Fynbos

## Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging  
Nature Conservation Society

No/Nr 171 Mei 2022

Reg no / nr 005-622 NPO

kleinmondnbv@gmail.com



## Mimetespark

Thea Brink

**Mimetespark is 'n parkie by die oostelike ingang van die dorp wat meestal maar vaal en droog lyk. Min mense ken sy mooi storie.**

Elsje Bosman, destydse voorsitter van die Kleinmond Tuinbouklub en ma van die biblioteek se Venda, het die park in die vroeë 1990's uitgelê en geplant ter nagedagtenis aan haar seun wat op 33 oorlede is. Elke *Mimetes* (rooistompie) wat sy daar geplant het, het haar herinner aan haar seun, wie se bynaam Stompie was, en haar gehelp om haar hartseer te verwerk.

Die munisipaliteit het die gras gesny, maar die park nie verder versorg nie. Die gedeelte van die park langs die rolbalbaan het in 'n digte boskasie verander wat deur bosslapers gebruik is.

Die park is in twee dele gedeel – die droë deel aan die oostekant en die nat gedeelte langs die rolbalbaan. In laasgenoemde area groei verskeie endemiese plante van bewaringsbelang.

Nou het Magdaleen Brits saam met 'n groep vrywilligers ingespring om Mimetespark (Elsje se naam vir die tuin) weer mooi te maak. 'n Span kontrakwerkers van



Die pragtige inheemse *Mimetes cucullatus* of rooi-stompie waaraan die park sy naam te danke het.

OM het ook aanvanklik gehelp. Hulle het in die oostelike gedeelte begin, indringerplante uitgekap en onkruid uitgehaal. Verskeie beddings wat pragtig uitgelê is, het te voorskyn gekom.

Iemand het aalwyne (*Aloe succotrina*, die enigste aalwyn wat in ons kontrei voorkom) geskenk en hulle is al met die hoofpad langs geplant. Hulle maak reeds knoppe. Magdaleen het ook rooistompies (*Mimetes cucullatus*) en ander plante wat goed in sandgrond aard, geplant.

Magdaleen werk onder die beskerming van Kleinmondse Natuurbewaringsvereniging. Almal wat belangstel, kan aansluit by die **Vriende van Mimetespark** (almal vrywilligers) en help om die parkie weer 'n sieraad by die ingang van die dorp te maak.

Ons sien Mimetespark as

- 'n ruimte vir inheemse plante op 'n maklike bereikbare plek
- 'n ruimte waar bedreigde waterliewende plante kan gedy
- 'n area waar mense veilig kan stap, ons inheemse natuurskoon kan geniet en die vreugde met kinders, kleinkinders en honde kan deel
- 'n aanskoulike oostelike ingang vir die dorp
- 'n plek waar Elsje en haar seun Stompie gedenk word.

Wil jy betrokke raak en 'n Vriend van Mimetespark word? Stuur jou besonderhede aan [kleinmondnbv@gmail.com](mailto:kleinmondnbv@gmail.com)

## Skaars waarneming naby Arabella

Leon Louw

'n Plaaslike fietsryer was verras toe hy onlangs vroeg in die oggend op die oorblyfsels van 'n skaars silwerjakkals naby die ingang na Arabella afkom. Dit is duidelik dat die diertjie deur 'n motor getref is wat sy rug gebreek het, en toe die prooi van een of ander aasdiere of -voël geword het.

Die silwerjakkals, ook genoem silwervos of Kaapse vos (*Vulpes chama* of Cape fox), is die enigste ware vos in Suid-Afrika en die kleinste lid van die *Canidae*-familie (die sogenaamde hondagtiges).

Hy staan 280 tot 350 mm hoog by sy skof en weeg tussen 2,5 en 5 kg. Hoewel hy oop landskappe met bome en semi-woestyengebiede verkies, kom hy ook in die fynbosgebied voor. Hy gebruik sy lang dik stert baie effektief om blitsige bewegings in 'n jaagtog uit te voer.

Om die hitte van die dag te vermy, skuil hy hy in gate wat hy self grawe. Hy is naglewend en 'n omnivoer wat plante, vrugte, bessies, insekte, eiers, knaagdiere, slange, voëls en aas eet.

Die diertjies leef monogaam en die wyfie gee gewoonlik tussen Oktober en Januarie geboorte aan 3 tot 6 kleintjies wat slegs 50 tot 100 g elk weeg. Die wyfie



Foto: Leon Louw

versorg die hulpelose kleintjies terwyl die mannetjie vir haar en die kleintjies jag. Die kleintjies word op 6 tot 8 weke gespeen, bereik op 5 maande selfstandigheid en op 9 maande seksuele volwassenheid.

Die silwerjakkals het 'n lewensverwachting van 6 tot 10 jaar. Hoewel hy ten prooi val van groter roofdiere en roofvoëls, bly die mens sy grootste bedreiging. Hulle word gejag omdat mense meen dat hulle kleinvee vang. Hulle beland ook in strikke wat vir ander diere gespan word, en word snags op paaie omgery.

# Cleanup days in Kleinmond go international

Johan Hendrikz

The most beautiful three sisters in Kleinmond looked down on Kleinmond and rightly asked: Why are there so much litter at our feet? The Strandlopers from Proteadorp (Eco Youth Group) and the Eco Group heard and decided to do something about it.

So on Saturday 23 April the Eco Group and the Strandlopers chose the area above Proteadorp for their monthly cleanup session. Within 90 minutes approximately 27 adults and 40 children collected 78 bags of litter.

Just over 500 kg of litter were removed. Because of the amount of rubbish that has accumulated in this area, not everything could be removed. The Overstrand Municipality was therefore requested to remove the remaining rubble and litter.

The Eco Group also decided to recycle some of the rubbish and separated 341 plastic bottles, 65 plastic containers, 69 tins and 137 glass bottles from the rubbish.

In an effort to support Ocean Conservancy, an international initiative focusing on keeping our oceans clean, we captured our statistics on their Clean Swell data-



base. In this way the monthly cleanup sessions in Kleinmond are becoming part of an international initiative to save our oceans.

Kleinmond is a town with extraordinary beauty and cleanup-days provide an opportunity for the Kleinmond community to play their part in keeping our town beautiful.

Cleanup days are open to all, whether you are a member of the Eco Group or Strandlopers or not. These events are informal, last only 90 minutes and are tailored to accommodate families. Plastic bags and gloves are provided.

Details of the next clean-up and future events will in due course be posted on social media. Please consider joining in the fun!

Enquiries: [johan.hendrikz@gmail.com](mailto:johan.hendrikz@gmail.com).

## City Nature challenge 2022

Thea Brink

**Die City Nature Challenge 2022 het ons soos 'n orkaan getref. Einde April het natuurliefhebbers vir 4 dae met kameras en selfone die wêreld aangedurf en foto's geneem van alles wat leef en beef.**

Daarna het almal nagte deur gewerk om die foto's betyds op [www.inaturalist.org](http://www.inaturalist.org) of die iNaturalist selfoon-toepassing te laai sodat elke spesie en elke waarneming binne die Overstrand se grense getel kon word.

Waarom al die drama? City Nature Challenge is 'n internasionale inisiatief van die gemeenskapswetenskaps- en natuurwetenskapspanne van die California Academy of Sciences en die Los Angeles-distrik se Natural History Museum. Die



*Vic Brink*

**Protea cynaroides**



Vic Brink

***Erica plukenetii***



Vic Brink

***Tritoniopsis lata***

doel daarvan: om gewone mense betrokke te kry by die natuur en die opteken van diversiteit in hulle omgewing.

Jy kon omtrent enige tyd van die dag 'n mens met 'n kamera in die hand iewers sien ronddwaal. Sommiges het in tuine en langs die strate gekuier. Ander het langs die see geloop, ander het riviere en strandmere opgesoek. En ander het die berge ingevaar. Ook grotte is nie ontsien nie. Die kiekieklub, die voëlkykers, die tuinmakers, die kapgroep, die stapklub en jeuggroepe het almal entoesiasies deelgeneem. Sommige het honderde foto's geneem, ander net 'n paar. Maar so is duisende waarnemings ingestuur.

Meer as 1,5 miljoen waarnemings is wêreldwyd oor die 4 dae deur 64 000 deelnemers opgeteken.

In Suider-Afrika het 12 verskillende streke deelgeneem, onder meer Kaapstad, Stellenbosch, Weskus, Tuinroete, Suider-Overberg en Overstrand.

Kaapstad het uiteindelik voorgeloop met ongeveer 66 000 waarnemings, 3 800 spesies en 1 700 deelnemers.

Overstrand is tweede met bykans 20 000 waarnemings. Ons is derde met 2 300 verskillende spesies na Tuinroete se 2 500. En ons is derde wat deelnemers betref: 258 teenoor Tuinroete se 273. Knap gedaan, Overstranders!

Wat Kleinmonders betref, staan Magriet Brink bo aan Overstrand se lys vir beide aantal waarnemings en aantal spesies. Suzette Vermeulen is tweede vir aantal waarnemings met 'n indrukwekkende 902 en Marié Lessmann is derde met 647 waarnemings. Vic Brink en Jan Mosen is onder die eerste ses wat aantal spesies betref.

Op die wêreldranglys is Kaapstad derde vir waarnemings en spesies, terwyl Overstrand 13de is vir waarnemings en 17de vir spesies.

Die plaaslike spesies waarvan ons die meeste waarnemings gelaai het, is eintlik nie 'n verrassing nie: *Protea repens*, *Tritoniopsis lata*, *Protea cynaroides* en *Mimetes cucullatus*.

# Sugarbush, I love you so!

Thea Brink

*Protea repens*, our beloved sugarbush, was one of the first proteas to be described by Carl Linnaeus, the Swedish naturalist and explorer who was the first to frame principles for defining natural genera and species of organisms and to create a uniform system for naming them.

Unfortunately Linnaeus based his description of the sugarbush on a confusing illustration, hence the species name *repens*, which means “creeping”. *Protea repens* is, as we know, not a creeping plant at all, but a sturdy bush.

Scarcely 20 years after Van Riebeeck opened his halfway station at the Cape the colonists noticed that the flowers of this indigenous bush contained plentiful amounts of sweet nectar.

More than a teaspoon of nectar can be obtained from a single flower. And the flower can be “harvested” more than once. After some rain cupfuls of diluted nectar can be poured from a single flower.

At first nectar was collected by breaking off the flower, shaking the nectar in a jar, and discarding the flower. The juice was then strained and boiled until a thick ruby-red syrup was obtained. It was used as a sugar substitute and also as a cure for coughs and other chest complaints. Unfortunately the art of making bossie-stroop had been lost by 1900.

In the 18th century the sugarbush covered large areas from the Cape Flats to Paarl and Somerset-West and was therefore extensively used for firewood and also for fuel in the lime kilns used for cement making. As early as 1724 it was reported that the plants on the Cape flats were being destroyed and that the area was becoming a desert.

By 1884 the Forest Department decided that replanting the area with proteas was not viable, and began to plant quick-growing Australian wattles, gums and hakeas. By the 1950s 15% of the Cape Flats was covered with these aliens.

*Protea repens* used to be South Africa’s national flower. It was not officially so declared, but enjoyed that status until 1976, when *Protea cynaroides* was declared our new official national flower.

But perhaps *Protea repens* is known all over the world because it features in what must be our best-known song. Apparently Fred Michel, a Cape Town dance-band leader, was picnicking among sugarbushes on Lion’s Head in 1930 when he was inspired to write “Suikerbossie, ek wil jou hê”. It was later translated into English by one Josef Marais and quickly became widely popular, even in Europe and the USA.



Source: The Protea Atlas Project, which is based at the SA National Biodiversity Institute, Kirstenbosch.

Available: <https://www.proteaatlas.org.za/index.htm>

## **Fynbos is die nuusbrieff van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

## **Fynbos is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the Editorial Committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)